

Verslagwaardig:	JA / NEE
Sirkuleer Aan Regters:	JA / NEE
Sirkuleer aan Streeklandroste	JA / NEE
Sirkuleer Aan Landdroste:	JA / NEE

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: / Case number: **CA&R 05/07**
Datum verhoor: / Date heard: **28/05/2007**

Datum gelewer: / Date delivered: **01/06/2007**

In die appël:

MANYE, MARSHALL AMOS

1^{ste}

Appellant

MATLAKALE, PATRICK

2^{de} Appellant

teen

DIE STAAT

Respondent

Coram: Lacock R et Williams R

UITSPRAAK OP APPÈL

LACOCK R:

- 1] Die appellante is op 21 Februarie 2005 in die Streekhof, Hartswater, skuldig bevind aan 'n oortreding van art. 1(1)(b)

(i) van die (nou herroepe) Wet op Korrupsie, nr. 94 van 1992 (die Wet) en is daarna gevonnissen tot 3 en 5 jaar gevangenisstraf onderskeidelik. Met verlof deur hierdie Hof (Goliath WnR – soos sy toe was) op petisie verleen, kom beide appellante nou in hoër beroep teen hul skuldigbevindinge en die vonnisse hul opgel.

- 2] Luidens die klagstaat is dit die appellante ten laste gel dat hulle

“op of omtrent: 14 Junie 2002 en te of naby: Hartswater in die streekafdeling Noord-Kaap, synde persone aan wie daar ‘n bevoegdheid verleen of ‘n plig opgedra is uit hoofde van ‘n diensbetrekking of die bekleding van ‘n amp of ‘n verteenwoordigingsverhouding of ‘n wet: te wete ‘n amptenaar in diens van die Ontvanger van Inkomste en’n boekhouer wederregtelik en op ‘n korrupte wyse van ‘n persoon: Ecogetswe Aubrey Matshelo ‘n voordeel wat nie regtens verskuldig is nie: te wete R6 000.00 kontant ontvang of verkry het, of tot die ontvangs daarvan ingestem het, of gepoog het om dit te verkry, hetsy vir hulleself, of vir enigiemand anders, met die opset om ‘n handeling met betrekking tot so ‘n bevoegdheid of plig te verrig of na te laat te wete: om te onderneem dat genoemde Ecogetswe Aubrey Matshelo se belastingopgawes nie geouditeer sal word nie.”

- 3] Mev. Zwiegelaar namens die appellante het die skuldigbevindings op twee fronte aangeval. Eerstens het sy betoog dat die Landdros fouteer het deurdat die appellante se weergawes as nie-redelik moontlik waar nie verwerp is, en tweedens dat geeneen van die appellante getref kon word deur die voorskrifte van die Wet nie.

Ek handel hieronder afsonderlik met elkeen van die argumente.

Die Argument op Meriete

4] Die volgende feitelike gebeure en omstandighede is nie in geskil nie en kan as gemeensaak aangemerkt word:

[41] Die eerste appellant was in diens van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (Ontvanger) as 'n klerk in die sogenaamde "*Tax Base Broadening*" afdeling te Mmabatho. Sy pligte het behels die opspoor en registrasie van persone en ondernemings as belastingpligtiges asook die verskaffing van opleiding in verband daarmee.

[42] Die tweede appellant was 'n privaat boekhouer gestasioneer te Mafikeng. Hy het onder andere vir individue en ondernemings finansiële jaarstate opgestel wat vir belastingdoeleindes aangewend word.

[43] In die jaar 2001 het die eerste appellant die klaer, Mnr. Mashelo, in die loop van sy werksverpligtinge te Taung ontmoet. Tydens hierdie ontmoeting het hy Mnr. Mashelo aanbeveel om van die dienste van die tweede appellant gebruik te maak. Dit het Mnr.

Mashelo gedoen, en het hy die tweede appellant versoek om die boeke van sy besigheid vir die 2000 en 2001 finansiële jaar te doen. Dit het die tweede appellant dan ook gedoen.

- [44] Na aanleiding van telefoniese gesprekke tussen die appellante en Mnr. Mashelo, het die appellante Mnr. Mashelo te Taung ontmoet op 14 Junie 2002, is hulle na die woning van Mnr. Mashelo te Hartswater, en het Mnr. Mashelo 'n bedrag van R6 000.00 in R200.00 note aan die eerste appellant oorhandig. Kort na die oorhandiging van die geld aan die eerste appellant is beide appellante buite die woning van Mnr. Mashelo deur die polisie arresteer en is hulle later aangekla van korrupsie. Die polisie het dan ook die R6 000.00 op die eerste appellant gevind, en is hierdie geld weer later aan Mnr. Mashelo oorhandig.
- 5] Mnr. Mashelo het getuig dat op 29 April 2002 het beide appellant hom afsonderlik geskakel en meegedeel dat die inspekteurs van die kantoor van die Ontvanger voornemens is om hom te besoek ten einde sy boeke te ondersoek. Die tweede appellant sou aan hom gesê het dat, indien die inspekteurs foute in sy boeke sou waarneem, hy wat Mnr. Mashelo is, alles sou kon verloor. Die eerste appellant het

tydens sy gesprek aan Mnr. Mashelo gesí dat, indien Mnr. Mashelo 'n bedrag van R10 000.00 vir die inspekteurs sou betaal, sou dit voorkom dat hulle sy boeke inspekteer.

[51] Mnr. Mashelo het besef dat hy die slagoffer van omkoperij was, en het die optrede van die appellante aan die polisie rapporteer. Intussen het Mnr. Mashelo ook oor die bedrag met die eerste appellant onderhandel, en is daar toe afgespreek op R6 000.00. Fotostate is deur die polisie gemaak van die R6 000.00 (in R200.00 note) wat Mnr. Mashelo gereed gehou het, en na verskeie telefoniese gesprekke het Mnr. Mashelo op 13 Junie 2002 afgespreek om die appellante die volgende dag op Taung te ontmoet. Die appellante, soos hierbo vermeld, het dan ook opgedaag, en is die geld te Hartswater oorhandig.

6] Die appellante ontken dat hulle op 'n bedrieglike wyse gepoog het om omkoopgeld van Mnr. Mashelo te bekom. Hulle beweer dat die tweede appellant boeke vir doeleindes van die voorbereiding van Mnr. Mashelo se 2002 finansiële state by Mnr. Mashelo moes gaan afhaal en omdat sy voertuig buite werking is, het hy die eerste appellant versoek om hom na Taung te neem. Aan huis van Mnr. Mashelo het laasgenoemde aan hom 'n deposito van R6 000.00 vir die

opstel van die state betaal. Omdat hy 'n 2-jarige kind op sy skoot vertroetel het, het Mnr. Mashelo op sy versoek die geld aan die eerste appellant gegee wat dit in sy sak gestee het.

- 7] Mev. Zwiegelaar betoog dat, gesien dat Mnr. Mashelo 'n enkel getuie was en boonop homself as 'n lokvink beskou het, en teen die feite wat gemeensaak was, die weergawes van die appellante as redelik moontlik waar aanvaar moes word. Ek deel geensins hierdie sentimente nie.

[71] Soos betoog deur Mnr. Cloete namens die Staat, was die landdros duidelik bedag daarop dat die klaer 'n enkel getuie was aangaande die gebeure wat die oorhandiging van die R6 000.00 aan die eerste appellant voorafgegaan het, en ook dat die polisie met 'n optrede besig was. Na my mening kon geen fout gevind word met die wyse waarop die Landdros die getuienis benader en evalueer het nie, en ook nie met die slotsom waartoe hy gekom het nie.

- 8] Ek vind dit nie nodig om met al die argumente aan ons voorgehou te handel nie, en volstaan met dit waarna hieronder verwys word.

[81] Mnr. Mashelo het as getuie 'n baie goeie indruk op

die Landdros gemaak. Uit die oorkonde blyk dit ook dat hy homself nie weerspreek het of dat hy sy getuienis aangepas het nie. Sy weergawe van die gebeure kom logies voor en was hy ooglopend seker van al sy feite.

Mev. Zwiigelaar het aan die hand gedoen dat die klaer 'n motief gehad het om in samewerking met die polisie 'n lokval vir die appellante te stel. Ten aansien van die tweede appellant sou die klaer ongelukkig gewees het omdat hy 'n groot bedrag aan belasting moes betaal nadat hy sy boeke gedoen het; en ten aansien van die eerste appellant sou die klaer ongelukkig gewees het omdat dit deur die toedoen van die eerste appellant was dat die klaer vir belastingdoeleindes moes registreer.

Hierdie argument het niks om die lyf nie. Daar is eenvoudig geen getuienis wat dit ondersteun nie, en berus dit enkel en alleen op spekulasie.

[82] Mev. Zwiigelaar betoog dat 'n negatiewe afleiding teen die Staat gemaak moes word omdat geen telekommunikasie rekords voorgelê is ter staving van die beweringe van die klaer dat die appellante hom by verskeie geleenthede geskakel het, en nie andersom soos deur die appellante beweer nie. Ook hierdie argument het weinig om die lyf. Aan die

einde van die dag bly die vraag steeds of die Staat die skuld van die appellante bo redelike twyfel bewys het. Dit kan alleen beoordeel word aan die hand van die getuienis in geheel, die waarskynlikhede en geregverdigde afleidings. Sou die antwoord hierop op die spreekwoordelike grens van twyfel huiwer, mag die versuim om beskikbare getuienis voor te lê moontlik die skaal na die een of die ander kant laat kantel.

Na mening is hierdie nie so 'n geval nie. Die aangebode getuienis dui myns insiens oorweldigend op die skuld van die appellante.

- [83] Benewens die onwaarskynlikhede in die getuienis van die appellante waarna die Landdros verwys het, vind ek ook die volgende aspekte onwaarskynlik.

Eerstens getuig die tweede appellant dat hy met die klaer afgespreek het om op 14 Junie 2002 sy boeke af te haal vir die voorbereiding van die finansiële state. Ten spyte daarvan dat hy moeite gedoen het om vervoer – soos hy getuig het – te reël vir hierdie doel en meer as 200 kilometer na Hartswater te ry, aanvaar hy gelate die klaer se mededeling dat die boeke nie gereed is nie. Hierdie optrede van die

tweede appellant vind ek totaal onwaarskynlik. Trouens, dit blyk dat hy meer in die kind geïnteresseerd was as om die boeke te bekom.

Tweedens vind ek die bewering namens die appellant naamlik dat die tweede appellant op 28 Mei 2002 'n skrywe (bew. "F") aan die klaer gerig het, nie alleen onwaarskynlik nie, maar ook leuenagtig. Die inhoud van hierdie skrywe lees as volg:

"As per our telephonic conversations and your visit to my office, I am reducing our discussions into writing for your perusal.

I mentioned to you that the following was irregular and you should try and rectify:

- The running of your Cash Loan Business in the Taung Fire Departments premise*
- Keeping your Lenders Bank Cards at your Offices*
- Not Disclosing to me during my preparation of the 2001 Financials that you were still employed by the Taung Fire Department*
- By your own admission on the 05 December 2001 that you had bought yourself a new luxury Colt 4 x 4, a house in Hartswater and cattle and yet in the 2001 information you told me that you only earned R4 000.00 per month. The buying of such expensive assets would seem to be of a person who earned far more than R4 000.00 per month.*

In view of the afore-mentioned concerns and the fact that you seemed unhappy with the Receivers 2001 assessment, I urge you to show more honesty by

disclosing to me all your earnings so that we can submit proper tax returns.

I would like to set an appointment with you sometime during the second week of June. Please prepare for me all your bank Statements, Income records, expense records, debtors balances, creditors balances and all financial records and documents for periods from 1 March 2001 to 28 February 2002. Please do not forget you and your other member's IRP5S for 2002 and the previous years,

As this will entail more work than last year and will be charged at hourly rates, the fee will be in the region of R7 500.00 and I will ask for a deposit of R6 000.00 when I arrive in Taung. I shall call you."

- [8.31] Op geen stadium tydens die aflegging van sy getuienis deur Mnr. Mashelo is hy gevra of hy hierdie skrywe ontvang het nie. Trouens, die bestaan van so 'n skrywe is nooit aan hom gestel nie. Hierdie skrywe is vir die eerste keer voor die Hof geplaas tydens die aflegging van getuienis deur die tweede appellant. Dit is myns insiens aanduidend daarvan dat óf die appellante geweet het die skrywe is nooit aan Mnr. Mashelo afgestuur nie, óf dat dit 'n onlangse fabrikasie was. Die prokureur se verduideliking dat hy geoordeel het dat dit nie nodig was om dit aan Mnr. Mashelo te stel nie en dit eers wou voorlÍ wanneer die tweede appellant

getuig, is, om die minste te sÍ, onoortuigend.

[8.32] In iedere geval vind ek dit totaal onwaarskynlik dat 'n boekhouer as't ware sy kliënt in 'n skrywe van hierdie aard sou beskuldig van 'n reeks beweerde onreëlmaticghede wat niks te doen het met die voorbereiding van sy finansiële state nie. Dit dui eerder op verdagmakery om die klaer in die oë van die Hof as 'n bedrieër voor te hou.

[8.33] In die lig daarvan dat dit nooit aan die klaer gestel was dat die doel van die besoek op 14 Junie 2002 onder andere was om 'n deposito af te haal nie en nog minder wat die bedrag daarvan sou beloop, vind ek die verwysing in hierdie brief na 'n deposito van R6 000.00 en wat presies ooreenstem met die bedrag omkoopgeld waarop tussen die klaer en die eerste appellant ooreengekom is, net te toevallig. Ooglopend is hierdie bedrag hierin vermeld as staving vir die bewering dat die R6 000.00 betaal was as 'n

deposito vir die dienste wat die tweede appellant nog sou lewer.

- 9] Uit hoofde van die voorgaande is ek tevrede dat die Landdros korrek was in sy verwerping van die weergawes van die appellante as nie redelik moontlik waar nie.

Die Regsargument

- 10] Art. 1(1)(b)(i) van die Wet het as volg gelees:

“1. (1) Iemand—

(b) aan wie daar ‘n bevoegdheid verleen of ‘n plig opgedra is uit hoofde van ‘n diensbetrekking of die bekleding van ‘n amp of ‘n verteenwoordigingsverhouding of ‘n wet en wat op korrupte wyse van enige persoon enige voordeel van watter aard ook al wat nie regtens verskuldig is nie ontvang of verkry of tot die ontvangs daarvan instem of poog om dit te verkry, hetsy vir homself of vir enigiemand anders, met die opset—

(i) dat hy ‘n handeling met betrekking tot so ‘n bevoegdheid of plig moet verrig of nalaat, hetsy die gewer of aanbieder van die voordeel die opset het om die persoon aan wie so ‘n bevoegdheid vereen of plig opgedra is, te beïnvloed om aldus op te tree al dan nie;”

- 11] Eerstens betoog Mev. Zwiigelaar dat, aangesien dit gemeensaak was dat aan geeneen van die appellante die bevoegdheid verleen is of ‘n plig opgedra was om belastingopgawes van belastingpligtiges soos die klaer, te oudit nie, geeneen van hulle getref wou deur die voorskrifte van art. 1(1)(b) van die Wet nie. Tweedens, en wat ten nouste by hierdie argument aansluit, betoog Mev. Zwiigelaar dat, aangesien dit gemeensaak was op die getuienis dat die

klaer se opgawes reëlmartig en in orde was en geen oudit geverg het of dat geen oudit be-oog was nie, die appellante nie persone was wat nagelaat het om enige bevoegdheid verleen of plig opgedra te verrig nie.

- 12] Dit was gemeensaak dat die pligte van die eerste appellant as werknemer van die Ontvanger behels het die opsporing en registrasie van belastingpligtiges en die verskaffing van opleiding daaraangaande, en het hy geen verpligting of bevoegdheid kragtens sy diensstaat gehad om belastingopgawes te oudit nie. Wat dus beantwoording verg is of gesí kan word dat daar 'n algemene verpligting op die eerste appellant gerus het om in sy hoedanigheid as werknemer van die Ontvanger te alle tye eerbaar teenoor belastingpligtiges op te tree.
- 13] Die advokate is dit eens – tereg so na my mening – dat die tersaaklike voorskrifte van die Wet wyd vertolk moet word, en dat die Wetgewer met die voorskrifte van die Wet be-oog het om die omskrywing van hierdie misdryf nog meer omvattend te maak as wat dit was voor die inwerkingtreding daarvan in Junie 1992. Die regspraak ondersteun hierdie benadering. In **Rex v Chorle, 1945 AD 487**, is die skuldigbevinding van die appellant aan omkoperij waarkragtens hy gepoog het om 'n amptenaar in diens van die Departement van Openbare Werke om te koop om die

uitreiking van 'n bou permit te bespoedig, gehandhaaf ten spyte daarvan dat bevind is dat die amptenaar nie kragtens sy diensverpligtinge bevoeg was om die uitreiking van die permit te bespoedig nie. In antwoord op 'n soortgelyke argument wat nou aan ons voorgehou word, bevind **Schreiner AR** as volg te **496**:

"The law of bribery is designed to protect the State against those who by gifts tempt its officials to use their opportunities as such to further private interests in State affairs and there is no reason why the law, which in its original form was wide enough to secure that protection, should, by restrictive interpretation, be cut down to something less than is necessary to achieve its object.

Irvine-Smith was an official and the appellant offered him money because he was an official and because the appellant hoped that he would take the money and actuated by its receipt, would use the opportunities afforded by his official position to expedite the issue of a building permit to the appellant. In making that offer the appellant was guilty of bribery and he was rightly convicted."

In **S v Xaba & Another 1996 (2) SASV 259 (N)** laat **Galgut R** (met wie **Thirion R** saamgestem het), hom as volg uit op 'n soortgelyke argument:

"Counsel for the appellants contends, however, that even on the accepted facts the section was not contravened. He points out that the appellants would only have had the power or duty to arrest or charge the complainant if he had failed to stop at the stop sign, or of course if the appellants believed or had reason to believe that he had failed to stop. Because the appellants denied having been present at the T-junction, the evidence of the complainant that he had indeed stopped was unchallenged. It is on the fact that the complainant had stopped at the stop sign, and that he had therefore not committed the traffic offence concerned, that counsel bases his contention. He points out that s 1(1) fixes liability only if it is 'in relation to' a power conferred upon the offender or a duty with which he has been charged that

he agrees to accept consideration with the intention of committing or omitting to do the act concerned. Counsel's contention is that, because the appellants had had neither the power nor the duty to arrest or charge the complainant, their acceptance of the money on their purported undertaking not to arrest or charge the complainant was not covered by the section. *As policemen the appellants of course had the general power to arrest and charge offenders, and the question that arises is whether the words 'in relation to such power or duty' in s 1 were intended to be interpreted broadly so as to embrace the general power or duty, or restrictively so as to limit criminal liability only to instances in which such power or duty could justifiably be exercised in the given case. Counsel for the appellants submits in this regard that the words concerned are ambiguous, and that because the section fixes a criminal liability they should therefore be interpreted restrictively.*

It seems to me, however, that the Legislature must have intended the said words to be widely interpreted.

...

By s 4 of the Act the Legislature in its wisdom repealed the common-law crime of bribery. It also repealed the Prevention of Corruption Act 6 of 1958. It is inconceivable to think that by repealing the two offences the Legislature intended to relieve from criminal liability persons who would otherwise have fallen foul of them. On the contrary, from a reading of the Act it seems obvious that in enacting s 1(1) the Legislature intended to create a wider and all-embracing offence, one which would include but would not be limited to the offences which were repealed. The erstwhile crime of bribery could only be committed if it was to or by a State official that the consideration concerned was paid or received, and in the case of the repealed Act 6 of 1958 it was only in respect of considerations given to or received by an 'agent' that the offence created by s 2 was limited. The definition in s 1 of the repealed Act limited an 'agent' to a person 'employed by or acting for another', and persons fulfilling certain named positions such as trustees in insolvent estates etc. By s 1(1) of the new Act 94 of 1992, however, it is in respect of a consideration given to or received by persons of a much wider class that the offence extends, namely to those who by virtue of 'any employment' or the holding of 'any office or any relationship of agency or any law'. Indeed, it even extends (see s 1(1)(a)(i)) to someone who offers the consideration, not to the person who has the power or duty concerned, but to 'anyone else' if it is intended thereby to influence the person who does have such power or duty.

In the above regard it is significant that the erstwhile crime of

bribery was not limited in the way counsel seeks to do with s 1(1). By definition the crime of bribery was committed when a consideration was offered to or received by an official in return for action or inaction by him 'in his official capacity'. In R v Chorle 1945 AD 487 it was held that the crime is committed even where the official concerned, in accepting the consideration, does not have the power to do what he agrees to do. There is, in my view, no reason to think that the Legislature intended that the offence created by s 1(1) would be regarded any differently."

(te 261 g tot 263 g)

- 14] Na my mening rus daar op die eerste appellant as werknemer van die Ontvanger 'n algemene verpligting om in die uitvoering van sy diensbestek eerbaar en op 'n eerlike wyse teenoor lede van die publiek te handel in alle aangeleenthede wat die belange van sy werkgewer raak. In *casu* is daar niks wat daarop dui dat die eerste appellant nie in staat was om sy invloed teenoor ander werknemers van die Ontvanger te gebruik om 'n oudit op die klaer te verhinder of te voorkom nie. Trouens, die eerste appellant het teenoor Mnr. Mashelo te kenne gegee dat hy die inspekteurs deur betaling van omkoopgeld kon verhinder om sy boeke te oudit. In iedere geval rus daar myns insiens 'n algemene verpligting op die eerste appellant om, waar hy bewus sou raak van moontlike ongerymdhede in opgawes van belastingpligtiges, dit aan sy werkgewer te openbaar, selfs al sou hy nie in sy spesifieke werksverband bevoeg of verplig wees om die ongerymdhede te ondersoek nie. Hierdie verpligting verg geen statutêre voorskrif nie, maar is

myns insiens 'n natuurlike gevolg van die aard van die wedersydse pligte en bevoegdhede tussen die Ontvanger en sy werknemers. Belastingwetgewing is immers daarop gerig om 'n inkomste vir die Staat te verseker vir die nakoming van sy openbare verpligtinge teenoor die breë publiek kragtens die toepaslike konstitusionele riglyne (sien hoofstuk 13 van die Grondwet). Gesonde logika dikteer dat alle werknemers van die Ontvanger *qua* werknemers verbind is tot hierdie oorhoofse verpligting en bevoegdheid om toe te sien dat belasting reëlmatig betaal en/of gevorder word. Die volgende *dictum* uit **S v Xaba & Another** (supra) is ewe toepaslik op hierdie saak:

“Finally, it is important to notice that the ambit of s 1(1) is not limited to policemen only, but embraces a wide variety of persons who for the purposes of an ordered society can reasonably be expected by the community at large to act honourably.”

(te 264 c)

- 15] In die lig daarvan dat Mev. Zwiegelaar toegegee het dat die Staat al die ander elemente van die misdryf teen die eerste appellant bewys het, is dit nie nodig om daarmee te handel nie.
- 16] Sonder om toe te gee dat die tweede appellant nie tuisgebring kan word onder die voorskrifte van art. 1(1)(b)(i) van die Wet nie, en dat die tweede appellant moontlik eerder

van bedrog aangekla moes gewees het, het Mnr. Cloete betoog dat die tweede appellant hom minstens as medepligtige skuldig gemaak het aan 'n oortreding van hierdie artikel van die Wet. Dat dit so is, spreek vanself. Die tweede appellant het wederregtelik en opsetlik die pleeg van hierdie misdryf bevorder deurdat hy – soos die eerste appellant – die klaer onder die indruk gebring het dat sy boeke ge-oudit sou word, hy die eerste appellant aktief ondersteun het om die klaer oor te haal om die omkoopbedrag te betaal, hy teenoor die klaer te kenne gegee het – nadat die geld aan die eerste appellant betaal is – dat sy boeke toe nie ge-oudit sou word nie, en hy fisies die eerste appellant vergesel het om die geld in ontvangs te neem.

Mev. Zwiegelaar het nie tot die teendeel betoog nie.

Vervolgens vind ek dit nie nodig om te beslis of die tweede appellant deur die voorskrifte van die Wet getref word al dan nie.

- 17] Vervolgens is ek van oordeel dat die appèl teen die skuldigbevinding van beide appellante nie kan slaag nie.
- 18] Wat vonnis aanbetref het Mev. Zwiegelaar te kenne gegee dat sy nie kan aanvoer dat die Landdros enige mistasting begaan het nie, en ook nie dat die vonnis skokkend

onvanpas is nie.

Hierdie toegewing kom my verantwoordelik en gegrond voor.

19] Bygevolg word die volgende bevel hierin verleen:

Die appèl word van die hand gewys.

HJ Lacock
REGTER

Ek stem saam.

CC Williams
REGTER

Namens appellante:	Adv C J Zwiegelaar
---------------------------	---------------------------

Namens respondent:	Adv J J Cloete (Kantoor van die DOV, Kimberley)
---------------------------	--